BEACON
CHURCH



# VERKLARING VAN GELOOF

**IN LIEFDE & GEHOORSAAMHEID AAN JESUS**

081 804 5508 | WWW.BEACON.ORG.ZA

# VERKLARING VAN GELOOF

**01** In die Skrifte van die Ou en die Nuwe Testament in hul oorspronklike vorm. Ons glo dat hierdie Skrifte deur God geinspireeer was, sonder enige foute en aanvaar hulle as die finale gesag vir lewe en geloof.

**02** In Een God, wat ewiglik bestaan uit 3 persone- Vader, Seun en Heilige Gees.

**03** Dat Jesus Christus verwek was deur die Heilige Gees, en dat Jesus gebore is uit die maagd Maria, en dat Hy ten volle mens was, en ook ten volle God is.

**04** Dat God die mens gemaak het na Sy eie beeld. Die eerste man, Adam het gesondig en deur sy toedoen het die dood straf, fisies en geestelik na die aarde gekom. (sondige natuur).

**05** Ons glo dat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het, soos in die Bybel geskrywe staan. Ons glo dat almal wat in Jesus glo, gered sal word deur genade alleen en deur die geloof op grond van Sy perfekte lewe, en deur Sy offer, om in ons plek te sterf.

**06** Ons glo in die persoonlikke wederkoms van die Here Jesus Christus in al Sy glorie.

**07** Ons glo in die persoon van die Heilige Gees, Sy vernuwende werk, Sy teenwoordigheid in die ware gelowige, die noodsaaklikheid van Sy bemagtiging om 'n Christen lewe te lei, en Sy sowereine mag om die gawes van die Heilige Gees te versprei (uit te deel).

**08** Dat alle Christene geroep word om heilig te lewe, toegewyd aan God te wees, en in Sy diens te staan. Hierdie diens sluit in 'n diepe besorgdheid vir die wêreld wat God liefhet, sodat ons die redding van die wat ongered is sal soek, en ook sal sorg vir die tydelike behoeftes van die mens.

**Hierdie kom van die Beacon Kerk GrondWet.*

**09** Ons glo in die opstanding van die gelowiges en die ongelowiges, die oordeel van die lewendiges en die dooies, die ewige lewe vir die gereddes/verlostes, en die ewige straf vir die ongereddes, in 'n fisiese hel.

**10** Dat almal wat die Here Jesus as verlosser aanvaar het, wat vrygespreek is deur Hom, en vernuwe is deur die Heilige Gees, saam die een ware kerk van God is. Die plaaslikke kerke op aarde moet hul karakter van hierdie beginsel verkry. Daarom is wedergeboorte en 'n persoonlike belydenis van geloof in Christus, noodsaaklik vir kerk lidmaatskap.

**11** In die priesterskap en bediening van alle gelowiges.

**12** Dat die Here Jesus Christus twee sakramente ingestel het: Die Doop en die Nagmaal, as stappe van gehoorsaamheid en 'n karidnale getuienis van die Christen lewe. Die doop is die onderdompeling van die gelowige, as 'n simbool van Jesus se dood en opstanding. Dit is `n uiterlikke getuienis van die innerlikke werk wat Jesus reeds gedoen het. Dit is `n getuienis van ons identifikasie met Jesus se dood en opstanding. Die brood en die wyn van die Nagmaal, is simbolies van Jesus ons Redder, se gebroke liggaam en gestorte bloed. Ons neem die nagmaal in danksegging vir Sy offer dood en opstanding, tot Sy terugkeer.

**13** Dat die opgevaarde Christus verskeie bedieninge gegee het aan die kerk, om sodoende alle gelowiges te lei tot Geestelike volwassenheid, sodat hulle die waarheid kan ken en verstaan, en sodat hulle diensbaar kan wees in die bediening.

**14** Ons glo in die liggaamlikke opstanding van Jesus uit die dood, dat Hy opgevaar het na die hemel en in Sy lewe as ons Hoër Priester en Voorspraak is.

IN LIEFDE & GEHOORSAAMHEID AAN JESUS

BEACON CHURCH